

ANTWOORDE:

Vraag 1

1.1 Kyk weer na die titel.

1.1.1 Kies een van die woorde hieronder wat die beste sinoniem vir die woord *gaps* in die titel is.

- a) gryp
- b) vat
- c) steel
- d) neem
- a) **gryp ✓** (1)

1.1.2 Wat is die betekenis van die frase *en laat wiel* in die titel?

Kies die verduideliking wat die frase die beste verklaar.

- a) Om te laat wiel beteken om met 'n wiel weg te hardloop.
- b) Om te laat wiel beteken om weg te hardloop.
- c) Om te laat wiel beteken om weg te loop.
- d) Om te laat wiel beteken om wiele te laat rol.
- b) **Om te laat wiel beteken om weg te hardloop. ✓** (1)

1.1.3 Skryf nou die titel oor in 'n verklarende sin sodat selfs jou klein boetie of sussie by die huis dit sal kan verstaan. (1)

'n Bobbejaan het 'n vrou se duur koek gegryp en daarmee weggehardloop. ✓

1.2 Lees weer die onderstreepte frase in paragraaf 1 deur.

Word die woord "resep" in die frase letterlik of figuurlik bedoel? (1)
figuurlik ✓

1.3 Waarna verwys die (68) in paragraaf 2? (1)

Die vrou se ouderdom. ✓

1.4 Is die volgende stelling Waar of Onwaar?

Die bobbejaan het in die motor gespring om die koek te gryp.

Motiveer jou antwoord. (2)

Onwaar. ✓

Die bobbejaan het op die bagasiebak gespring. Hy was nie binne-in die motor nie. ✓

1.5 Wat is die naam van die bobaasbakster? (1)

Haroldine Burgess. ✓

1.6 Stem jy saam met die volgende stelling:

Die bobbejaanmannetjie was glad nie bang vir die mense by die motor nie.

Motiveer jou antwoord. (2)

Ja ek stem saam. ✓

As hy bang was, sou hy nie naby die mense of motor gegaan het nie. ✓
OF

Nee, ek stem nie saam nie. ✓

Hy was bang, want anders sou hy rustig naby aan hulle die koek sit en
Eet het en nie weggehol het nie. ✓

- 1.7 Hoe lank al pla hierdie bobbejane die dorpie? (1)
Twee jaar. ✓
- 1.8 Gee 'n ander woord vir *raadop* sodat dit steeds in die sin pas. (1)
Die mense van die dorpie is ____ oor die bobbejane.
moedeloos ✓
- 1.9 Wat dink jy moet mense doen om te keer dat bobbejane in hulle huise inkom en brood en eiers eet? (1)
Hulle moet hulle deure en vensters toe hou. ✓
- 1.10 Lees weer paragraaf 4.
1.10.1 Watter twee redes word genoem as verklaring oor hoekom die bobbejane die inwoners lastig val? (2)
Daar is 'n droogte wat veroorsaak dat daar nie kos in die veld is nie. ✓✓
- 1.10.2 Haal een woord aan wat vir ons bevestig dat die redes wat gegee word, die mening van die inwoners is. (1)
“glo” ✓
- 1.10.3 Wat dink jy gaan die natuurlikste oplossing vir die probleem wees? (1)
Dit sal goed moet reën, want wanneer die veld lekker nat is, kan nuwe plante groei en dan hoef die bobbejane nie in die dorp vir kos te soek nie. ✓
- 1.11 Dink jy ons, as mense, kan die trop kwalik neem vir hulle optrede? Verduidelik jou antwoord. (2)
Nee, ons kan nie. ✓
Dit is nie die bobbejane se skuld dat daar 'n droogte is en dus nie kos in die veld nie. ✓
- 1.12 In watter koerant het hierdie artikel verskyn? (1)
Die Burger

POLFYNTJIES VIR DIE TONG

Lees nou die volgende situasies deur. Kies elke keer watter idioom by die situasie pas en skryf net die nommer van die vraag en die letter van die idioom neer.

1. Wanneer julle span nog al die wedstryde van die jaar verloor het, en julle verwag om die laaste wedstryd van die jaar óók te verloor. En dan druk jou spanmaat 'n drie nét voor die eindfluitjie blaas.

F. Julle het onverwags gewen. ✓

2. Wanneer julle familie op 'n daguitstappie in die berge gaan rondloop en julle by 'n sekere plek nie verder kan klim nie en eerder maar omstap of 'n ander paadjie soek.

B. Die helling is dalk net te steil of te moeilik en julle kan nie daar stap nie. ✓

3. Wanneer jy nuut by 'n skool aankom en vreemd voel, watter idioom gaan vir jou hoop gee?

D. Jy sal nog jou plekkie in jou nuwe klas en nuwe skool kry. Jy sal weer tuis voel. ✓

4. Watter idioom dink jy pas die beste by die inperking wat ons tans in Suid-Afrika beleef of beleef het?

G. Ons het glad nie vryheid of vryheid gehad nie. Ons is/was ingeperk. ✓

5. Wanneer jou ma sien jy lê op jou bed met jou selfoon in jou hand in plaas van dat jy by jou lessenaar sit en huiswerk doen. En sy sê: "Oooo ... ek kan al weer sien hoe huil ons die einde van die kwartaal!"

A. Jou ma sien al klaar "probleme" wat daar nog glad nie is nie. Jy rus mos net 'n bietjie! ✓

6. Jou pa sit in die sitkamer en lees die koerant, maar hy het gehoor wat jou ma vir jou gesê het (in nommer 5). Wat dink jy sal sy opmerking daarop vir jou wees?

C. Hy waarsku solank dat daar moeilikheid gaan kom as jy nie nou jou selfoon wegsit nie. ✓

7. Wanneer jy iets stouts gedoen en jou sussie het jou gesien het ... en dan hardloop sy reguit na jou ma toe. Watter idioom gaan jy saggies vir jouself mompel?

E. Daar is niks wat jy kan doen om jou sussie te keer nie. Die waarheid gaan uitkom. ✓

8. Wanneer jy in jou kamer wag vir jou ma of pa om jou te roep ná jou sussie gaan klik het (nommer 7) en jy dink aan alles wat binne die volgende paar minute sal kan skeefloop en hoe erg jou straf gaan wees ... Watter idioom is van toepassing op jou?

A. Jy gaan haal al die bobbejane agter die bult – jy dink aan al die ergste goed wat met jou kan gebeur ... maar jy weet nog nie wat gaan gebeur nie. ✓

9. Dis nou al die sesde keer wat meneer dié spesifieke som vir jou verduidelik. Jou beste vriend het dit ook al twee keer verduidelik, maar jy kan dit net eenvoudig nie verstaan nie en is raadop. Watter idioom sou op jou van toepassing kon wees?

B. Jy het figuurlik gesproke 'n “kierie” nodig, want hierdie Wiskunde-terrein met dáárdie som gaan jy nie kan loop nie. ✓

10. Dis die einde van die skooljaar en julle hou klaspartytjie. Jy kyk so na al jou klasmaats en dink aan al die lekker dinge wat julle die jaar gedoen het, al die pret wat julle in pouses gehad het en al die naweke wat julle saam gespeel het. Watter idioom sal jou goedvoel-gevoel bevestig?

D. Jy het jou “krans” gekry. Jy behoort. ✓